

Lewende Testament

Ek, die ondergetekende _____

(identiteitsnommer) _____ van _____

wat by my volle verstand is, verklaar hiermee, na deeglike oorweging, soos volg:

1. Hierdie Lewende Testament herroep nie enige vorige Testament deur my gemaak nie.
2. In hierdie Lewende Testament beteken –
 - (a) "dokters", enige een of meer van die mediese praktisyns wat van tyd tot tyd versoek is of versoek kan word om my te ondersoek en om 'n vooruitsig van my mediese toestand te maak; en
 - (b) "sisteem", enige meganiese of kunsmatige lewensondersteuningssisteem of die gebruik van verdowingsmiddels.
3. Indien die tyd sou aanbreek dat ek nie langer instaat is om besluite betreffende my eie toekoms te neem nie en indien my mediese en/of verstandelike toestand so agteruitgegaan het dat daar geen redelike vooruitsig van my herstel daarvan is nie, versoek ek –
 - (a) dat ek toegelaat moet word om te sterf;
 - (b) dat geen sisteem gebruik moet word om my aan die lewe te hou, in geval waar ek sou sterwe indien die gebruik van sodanige sisteem gestaak sou word; en
 - (c) dat ek enige hoeveelheid verdowingsmiddels wat ek benodig om my vry van pyn en ellende te hou moet ontvang, al word my dood hierdeur verhaas.
4. Dit is my uitdruklike begeerte dat die dokters en my familieleden wat voldoen aan my voorafgaande versoeke rygestel en onthef sal word van enige aanspreeklikheid wat ookal mag ontstaan voortspuitend uit hulle gebruik van of versuim om van 'n sisteem gebruik te maak of hulle besluit om die gebruik van enige sisteem te staak.

Geteken deur my te _____ op die _____ dag van _____ 20 _____, in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies, almal gelyktydig teenwoordig.

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

Testateur

Aantekening: Daar word voorgestel dat ten minste drie kopieë van die Lewende Testament deur die testateur in die teenwoordigheid van die twee getuies onderteken word. Een kopie moet, nadat die inhoud daarvan met hom/haar bespreek is, aan die testateur se dokter gelewer word. Twee kopieë moet tuis gehou word – een as 'n persoonlike kopie en die ander vir doeleindes van insluiting in die hospitaallêer van die testateur wanneer die testateur gehospitaliseer word.

OPSIONEEL (skrap indien nie van toepassing nie):

Ek, die ondergetekende _____

(Identiteitsnommer) _____ van _____

_____ skenk my niere/ hart/lewer/pankreas/horingvliese/vel/been* aan enige gemagtigde mediese instansie, vir gebruik vir oorplanting, na my dood. Dit word gedoen onderhewig aan die voorwaarde dat ek nie vir langer as _____ dae aan die lewe gehou sal word, nadat ek breindood verklaar is nie.

[*Skrap indien nie van toepassing nie]

Besonderhede van naasbestaandes/familie:

Naam _____ Naam _____

Verwantskap _____ Verwantskap _____

Tel _____ Tel _____

IN GEVAL VAN MY AFSTERWE, MOET BOGEMELDE PERSONE ASB. IN KENNIS GESTEL WORD.

Geteken deur my te _____ op die _____ dag van _____ 20 _____, in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies, almal gelyktydig teenwoordig.

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

Skenker